# Teeplukkers

## in die hart van die heuningbos




**Wild Harvester Collaboration**

**2025**

BIO INNOVATION AFRICA

Implemented by

giz Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH

Hierdie dokument maak deel uit van  ’n reeks kennisprodukte wat geproduseer is deur die BioInnovation Africa (BIA) projek in Suid-Afrika. Ander BIA kennisprodukte en biohandelshulpbronne kan gevind word op die gesamentlike webtuiste van BIA, ABioSA en die ABS Capacity Development Initiative: https://www.abs-biotrade.info/partner-countries/south-africa/resources/

InnovationCircle Consulting Africa, Creative Contracts en Quiet Insight LLC het opdrag ontvang om hierdie kennisproduk te ontwikkel en te publiseer in samewerking met BIA™ se Suid-Afrikaanse vennoot, die nasionale Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO). Hierdie kennisproduk word onderskryf deur die DBVO. Die BIA projek word befonds deur die Duitse Federale Ministerie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (BMZ) en geïmplementeer deur die Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH.  Deelnemers het ingeligte toestemming verleen vir die neem en deel van foto’s, en vir hul beeltenis om weergegee te word as die kunstenaarsillustrasies wat in hierdie dokument ingesluit is.

Alhoewel alle pogings aangewend is om volledige en akkurate inligting te voorsien, bied InnovationCircle Consulting Africa, Creative Contracts, Quiet Insight LLC en GIZ geen versekering of waarborge, uitdruklik of geïmpliseer, ten opsigte van die akkuraatheid daarvan ten tye van gebruik nie.

**Adrie El Mohamadi:** Komponentbestuurder – Suid-Afrika, BioInnovation Africa (BIA),

GIZ Center for Cooperation with the Private Sector (CCPS),

Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH.

Adrie.elmohamadi@giz.de

www.giz.de

www.abs-biotrade.info

Skeppers: Monika Adelfang-Ramsden en Joyce Stenstrom

Ontwerp en illustrasies: Sally Whines

Omslag-fotomontage: Sally Whines

Landskapfotografie: WC DEADP

Foto van hand wat heuningbos vashou: BIA/GIZ Brett Eloff

Afrikaanse vertaling: Magdaleen du Toit


forestry, fisheries & the environment
Department: Forestry, Fisheries and the Environment REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

InnovationCircle Consulting Africa

creative contracts


QuietInsight LLC When Life meets Wisdom

Implemented by giz Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH




**Die inligting in die volgende storielyn is afkomstig van die heuningbosplukkers en andere wat die volhoubare oes van heuningbos (bergtee) ondersteun. Deur die oë van die teeplukkers en diegene wat saam met hulle loop, nooi hierdie storielyn die leser uit tot ’n dieper begrip van wat dit beteken om die heuningbos te versorg en te eer in ’n lewende, veranderende landskap.**

Die karakters wat in hierdie boekie voorgestel word, sluit die volgende in:




Die heuningbosplukker “**Johan Tee**” – hy vertel wat belangrik is vir die mense wat die wilde heuningbos oes.

Die **heuningbosplant** (***Cyclopia***) praat namens die natuur, haar behoeftes en haar potensiaal.

Die **jong meisie** verteenwoordig dié van ons wat meer wil weet oor heuningbos en wat dit beteken tot voordeel van ons almal.



**Daar is 'n paar riglyne vir die ondersteuning van die mense wat heuningbos oes, vir die koestering van die dinge wat saak maak in die heuningbos-gemeenskappe, en vir die versorging van die heuningbos-ekosisteem.**




## Die Biorentmeesterskring




Die **Biorentmeesterskring** is 'n gedeelde ruimte waarin ons saam ons pad vind. Dit is gebou op die verstandhouding dat ons gevorm word deur ons verhoudings:

- met mekaar,
- met die aarde,
- en met die plante waarvan ons afhanklik is.

© InnovationCircle 2025







# 1. Kyk met vars oë








Laai af in Engels en Afrikaans




## 2. Staan waar jy is







Laai af in Engels en Afrikaans






# 3. Om plaaslike moontlikhede te skep









Laai af in Engels en Afrikaans




# 4. Bereik verhoudingsooreenkomste









Hoe om 'n

**VERHOUDINGSOOREENKOMS**

**te skep tussen:**

*Verskaffer en Koper*

**Goeie werksverhoudings verg sorg, veral wanneer mense nuwe vennootskappe vorm of oor 'n tydperk saamwerk. In die heuningbos-sektor geskied baie van die werk op grond van vertroue en informele ooreenkomste. Hierdie ooreenkoms is 'n praktiese hulpmiddel om die verhouding te ondersteun, verwagtings te stel, rolle duidelik te omskryf, en ruimte te skep vir oop gesprek. Dit is deur die Wild Harvester Collaboration ontwikkel om teeplukkers, kopers, grondeienaars en andere te help om belangrike sake deur te praat, te besluit wat elkeen gaan doen, en hoe om veranderings en uitdagings op 'n billike manier te hanteer.**

**Wat is 'n verhoudingsooreenkoms?**

'n Transaksie-ooreenkoms geld vir een spesifieke ruiltransaksie, byvoorbeeld wanneer 'n motor gekoop of 'n eiendom verkoop word. 'n Verhoudingsooreenkoms geld vir 'n langer tydsduur. Dit word geskryf met die wete dat tyd 'n uitwerking sal hê op sommige van die beloftes wat gemaak is, en dat sommige voorwaardes dalk mettertyd verander sal moet word.

**Waarom is 'n verhoudingsooreenkoms waardevol?**

Dit werk, want jy kan die verwagtinge van albei partye in die verhouding aan die begin bestuur. Jy erken dat, om 'n suksesvolle langtermyn-verhouding te hê, jy dinge moet neerskryf om die verhouding op die spoor te hou. Julle definieer saam:

- Wat is die doel?
- Wat bepaal sukses?
- Wat wek kommer oor hierdie verhouding?
- Wat kan ons doen sodat ons mekaar nie teleurstel nie?
- Indien probleme ontstaan (en dit is onvermydelik), hoe kan ons dit op 'n realistiese manier oplos?

Gebaseer op: *The Book of Agreement: 10 Essential Elements for Getting the Results You Want by Stewart Levine*

BIO INNOVATION AFRICA

giz

**Laai af in Engels en Afrikaans**




# 5. Volharding vir almal van ons ...

## ... *insluitende toekomstige geslagte*



Stel jou 'n wêreld voor sonder heuningbosplukkers.

Hoe sou dit lyk?

Daar is baie implikasies, en elkeen is belangrik.

Kom ons noem 'n paar:

- Ons sal die rentmeesters-op-die-grond verloor, die mense wat die plae, plantsiektes en stropers eerste opmerk.
- Ons sal plant- en diere-biodiversiteit verloor.
- Ons sal die samewerking tussen die plaaslike gemeenskappe en bewaringsagentskappe verloor.

Ons het mekaar nodig.











## Erkenning

Daar is baie op die spel wat betref die oes van heuningbos. Dit moet só geskied dat dit volhoubaar bly vir die toekoms. Wat jy hier gelees het, weerspieël ook die gedagtes en gevoelens van die heuningbosplukkers self.

Ons het saam met die teeplukkers gesit en geluister na wat vir hulle belangrik is. Ons het ook gepraat met bewaringskundiges, navorsers, en mense wat die heuningbos-handel verstaan.

Ons laaste byeenkoms het al hierdie stemme byeengebring – om die teeplukkers te ondersteun, om heuningbos sterk te hou vir die volgende geslag, en om te wys presies hoe belangrik hierdie werk is.

Heuningbosplukkers van Misgund, Haarlem, Oudtshoorn, Tsitsikamma en George het deel uitgemaak van hierdie gesprek.



# Die pad verskyn soos jy loop

**(Speel af in die Langkloof, Suid-Afrika)**

Die son sit al hoog wanneer die teeplukkers die berghange van die Langkloof klim. Die hitte is drukkend, die aarde dor onder hulle stewels. Hier is geen gemaklike pad nie – slegs steil opdraandes, los klippers, en die skerp geur van fynbos in die lug.

Die bergtee groei waar hy wil, nie in netjiese rye nie; dit klou wild aan die berghang vas. Die teeplukkers weet waar om te soek. Hulle het vantevore al hier geloop. Hulle ken die manier waarop die aarde praat – hoe die plante in die rotsskaduwees skuil, hoe die wind verander wanneer 'n storm broei, hoe die geur van heuningbos verdiep wanneer die blare reg is om gesny te word.

Die son skroei. Die sweet tap. Die hande werk. Party dae sny die takke maklik, glad onder die skêr. Ander dae is die plante steeks, dit buig en bied weerstand. Die plukkers werk op hulle tyd. Hierdie werk ken nie kortpaaie nie – slegs geduld, ritme, en weet wanneer jy moet bly staan en 'n blaaskans vat. Doer onder strek die vallei wyd en droog. Die berge staan ferm soos altyd. Die plukkers vee sweet af, verskuif die gewig van die bondels op hulle rûe en stryk aan. Die pad is nie altyd maklik nie, maar tree vir tree word dit gevind.

**Deur Monika Adelfang-Ramsden**
**Wild harvester Collaboration 2025**
**Vriende van Heuningbos**

forestry, fisheries & the environment
Department: Forestry, Fisheries and the Environment
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
InnovationCircle Consulting Africa
creative contracts
QuietInsight When Life meets Wisdom
Implemented by
giz Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH